## 28 November - VERGIFNIS

**Skrifgedeelte: Jeremia 33:1-13**
**Fokusgedeelte: Jeremia 33:9**

Vergifnis is vir ons mense nie altyd so maklik nie. Die Here is egter dadelik gereed om te vergewe. Ons lees hier in Jeremia 33 dat Jerusalem maar pas ingeneem is deur Babel. Die beleëringswalle staan nog teen die mure van Jerusalem waarmee die soldate die stad binnegekom het. Dit lyk vir ons asof Jeremia nog nie eers uit sy huisarres vrygelaat is nie, waar hy in die binneplaas van die paleis gevange gehou is oor dislojaliteit teen die koning. Hy het mos aanmekaar geprofeteer dat Jerusalem deur Babel gewen gaan word.

Het jy gelet op God se tydsberekening? Skaars het die vyand Jerusalem ingeval – hulle maak nog ballinge bymekaar om na Babel te deporteer – toe kom die lieflike woord van die Here dat Hy sy volk se sondes sal vergewe (vs 8). Hy is gou gereed om sonde te vergewe!

Die profeet Daniël kan later ook hiervan getuig. As die ballingskap feitlik om was, bid Daniël vir sy en die volk se sonde. En dan antwoord God hom: "Toe jy met jou smeekgebed begin het, is daar antwoord gegee ..." (9:23). Of dink maar aan die verlore seun (Luk 15) wat huistoe kom. Sonder enige verwyte hardloop die vader hom tegemoet en soen hom; dadelik vergewe!

Dis hoe die Vader deur Christus vandag nog maak. Hy wag deur Christus vir jou om jou sondes te vergewe. Al wat jy moet doen, is om dit te bely (1 Joh 1:9).

Die laaste juweeltjie van God se vergifnis kry ons in vers 9: *"Dit sal my Naam groot maak en aan My blydskap verskaf, aan My lof en eer gee ..."* Om sondes te vergewe, maak nie net God se Naam groot nie, maar dit gee vir Hom groot vreugde. Dit is vir Hom lekker om vir jou te sê: "Jy is skoon, sonder sonde, jy is gewas in die bloed van my Seun."

Kom, sondaar, jy wat vol sonde is, kom bely dit nou voor God. Hy wag vir jou! En as jy dit doen, verheerlik jy nie net sy groot Naam nie, maar Hy geniet dit om jou sondes te vergewe. Kom, gaan doen dit!

*Sing: Skrifberyming 11-2:1, 2* *DsTJ Potgieter (Port Elizabeth)*